GRONDWET VAN DIE PRETORIA SPESIALISTE POSDUIF UNIE

NAAM

1. Die naam van die unie is **Pretoria Spesialiste Posduif Unie, (PSPU)**, hierna die unie genoem, met sy hoofkantoor te Oostelikes Wedvlugduiwe Klub, Menlo Park, Pretoria.

DIE UNIE

2. Die unie:

   a. bestaan uit ‘n Bestuurskomitee, hierna die bestuur genoem, en behoorlik toegelate lede ;

   b. bestaan uit geaffilieerde klubs ;

   c. is ‘n Regspersoon en kan in eie regsgedinge instel in ‘n bevoegde hof en kan eiendom verkry en vervreem soos deur die Bestuurskomitee bepaal ;

   d. kan personeel aanstel en vergoed sowel as dienste beeindig ;

   e. sal by **SANPO** geaffilieer wees ;

-

DOELSTELLINGS

3. Die doelstellings van die unie is:

   a. om die duiwesport te bevorder en dit toeganklik te maak vir alle belangstellendes ;

   b. om duiwe sover moontlik op of Vrydagaande of op Donderdagaande gedurende die wedvlugseisoen in te korf by punte soos deur die bestuur bepaal (vervoer sal bepalend wees) ;

   c. om duiwe los te laat so vroeg as wat moontlik is op die Saterdagoggend volgende op die Vrydag / Donderdag van inkorwing, afhangende van die reëlings met die ander deelnemende organisasies met wie die gesamentlike loslatings plaasvind , duiwe mag wel ook op ander dae gelos word indien dit vooraf so gereel is en of weens omstandighede onvermydelik is ;

   d. om die duiwe gesamentlik los te laat saam met ander organisasies waar enigsins moontlik, behalwe as ons vervoer dit nie toelaat nie, indien dit nie in belang van die sport is nie, of as dit tot nadeel sou wees van enige ooreenkoms met ‘n ander organisasie. Indien daar geen ander organisasie van ons omgewing op daardie loslatingspunt is nie mag die duiwe wel alleen gelos word. Daar sal egter altyd gepoog word, om dit sover moontlik en binne die beheer van die bestuur is, om gesamentlike loslating te bewerkstellig. Die besluit van die bestuur sal egter finaal wees en geen wedvlug sal as gevolg van nie gesamentlike loslating gekanselleer word nie ;

   e. om altyd te poog om die prestasie van die wedvlugduif self te alle tye te erken;

   f. om ‘n bestuur daar te stel wat te alle tye die belange van die lede in die unie en teenoor ander instansies sal verdedig en bevorder ;

g. om toe te sien dat die bestuur nie onnodige fondse ophoop nie en slegs genoegsame fondse sal gehou word, behalwe vir die vragmotorfonds ;

h. om prysgeld aan lede toe te ken en nie aan duiwe nie, behalwe vir die Veiling, Derby, Geld Ringe en Bakkie wedvlugte of indien anders aangedui of soos deur ons borge versoek.

BESTUURSKOMITEE

4. Die bestuurskomitee van die unie sal bestaan uit ‘n Voorsitter, ‘n Ondervoorsitter, ‘n Wedvlugsekretaris, ‘n Sekretaris, ‘n Tesourier, ‘n Reklame Beampte, ‘n Vervoerbeampte en bykomende lede wat jaarliks verkies word. Die Voorsitter & ‘n Ondervoorsitter sal tydens die Algemene Jaarvergadering verkies word deur alle lede teenwoordig. Die aantal bykomende lede word bepaal deur die aantal geaffilieerde klubs en is die voorsitters van die onderskeie klubs. Hierdie lede (Voorsitter, ‘n Ondervoorsitter en die voorsitters van die onderskeie klubs) wys dan die res van die bestuur aan. Verder word die bestuur gemagtig om persone te koöpteer na goeddenke. ‘n Dagbestuur sal funksioneer onder voorsitterskap van die Voorsitter met lede die Ondervoorsitter en ‘n verdere bestuurslid soos deur die Voorsitter aangewys.

BEVOEGDHEDE VAN DIE BESTUURSKOMITEE

5. Die bestuurskomitee het die bevoegdheid om:

a. vakatures wat op die bestuurskomitee mag onstaan te vul, behalwe die Voorsitter en Ondervoorsitter wat verkies moet word op ‘n spesiale algemene jaarvergadering ;

b. prosedures en metodes wat na die bestuur se mening nodig en in belang van die unie en veral die sport is, voor te skryf ;

c. finansiele aangeleenthede vir, en namens die unie te hanteer en deurgaans te poog om die finansiële belange van die unielede te beskerm. ‘n 10% administrasie fooi of ‘n persentasie soos deur die bestuur goedgekeur sal op alle inkomste terug gehou word om onkostes te dek ;

d. jaarliks inskrywingsgelde, vervoerkoste, intreefooie, ledegeld, jaarboek gelde en prysgeld-skemas vas te stel en aan lede en voornemende lede bekend te stel ;

e. prys van ringe te bepaal ;

f. honoraria te bepaal en te bewillig aan die Wedvlugsekretaris, Sekretaris, Vervoerbeampte en Tesourier ;

g. enige eiendom en of bates wat benodig word aan te koop, te huur en of te vervreem ;

h. lede van die bestuurskomitee aan te wys om geldelike aangeleenthede te beheer en te boek te stel ;

i. enige stappe te doen om die belange van die unie en sy lede te beskerm ;

j. komitees aan te stel uit lede van die unie om bepaalde sake soos deur die bestuurskomitee bepaal te ondersoek, na te vors en die bestuurskomitee hulpsaam te wees ;

k. met enige organisasie te onderhandel ter vordering van die doelstellings van die **PSPU** en ook ooreenkomste met sodanige organisasies te sluit ;

l. die bestuurskomitee sal in beheer van die uniesake bly tot en met die Algemene Jaarsvergadering (Verkiesing van nuwe bestuur by vergadering).

DISSIPLINÊRE ONDERKOMITEE

6. Daar sal ‘n dissiplinêre onderkomitee wees wat:

a. bestaan uit die Voorsitter en Ondervoorsitter plus een lid van die unie wat oor ‘n regsagtergrond moet beskik waar moontlik ;

b. die mag het om enige klagte teen ‘n lid van die unie te ondersoek en die komitee kan vir die doel enige lid van die unie oproep om voor hom te verskyn ten einde te antwoord op die klag of om as getuie te dien ;

c. se bevindings en aanbevelings finaal en bindend is vir alle lede van die unie en wat dat deur alle unielede streng nagekom moet word ;

d. na goeddunke ‘n lid wat hom skuldig maak aan ‘n ernstige vergryp te mag beboet, skors of ‘n ander gepaste vonnis oplê.

LIDMAATSKAP

7. Ten opsigte van die lidmaatskap van die unie geld die volgende:

a. enige persoon wat lid van die unie wil word moet op die voorgeskrewe wyse aansoek doen deur die geaffilieerde klubs ;

b. die Unie het die reg om enige lid se lidmaatskap te weier en of te kanselleer ;

c. dubbelhokke mag wel gevlieg word indien die duiwe behoorlik per span geregistreer word en slegs indien daar plek sou wees nadat alle enkel lede toelating gekry het ;

d. slegs diegene wat deur die bestuur vir die jaar aanvaar is sal geregtig wees om aan wedvlugte deel te neem vir daardie jaar ;

e. lede sal nie toegelaat word om vanuit meer as een hok te vlieg nie, vennootskappe is egter aanvaarbaar ;

f. lidmaatskap is nie oordraagbaar vanaf een lid na ‘n ander nie ;

g. onder geen omstandighede sal inskrywingsgelde of gedeeltes daarvan wat reeds betaal is terugbetaal word nie, ongeag die rede (Die bestuur mag wel in meriete gevalle anders besluit) ;

h. amateurlede wat nie vir prysgeld deelneem nie sal wel toegelaat word maar sodanige lede is wel verplig om aan verpligte wedvlugte soos die Derby en Veilings en ander wedvlugte soos deur die bestuur bepaal deel te neem ;

i. die unie sal van tyd tot tyd sy beleid aangaande juniors hersien en spesiale fooie mag vir juniors gevra word, met bestuurs toestemming. Juniors word gesien as skoolgaande kinders en jongmense wat aan ‘n tersiere inrigting studeer. Volwasse persone kan nie onder ‘n junior se naam deelneem om fooie vry te spring nie. Die aanvaarding van sodanige junior lede sal streng deur die onderskeie klubs hanteer en beheer word en aanpassings sowel as regstellings sal van tyd tot tyd gedoen word indien dit nodig geag sou word deur die bestuur ;

j. die bestuur mag wel, indien dit nodig sou wees, ‘n Ere-President, Ere-Lede en of Lewenslange Ere-lede aanstel ;

k. pensionarise mag na goeddenke van die bestuur wel van tyd tot tyd teen ‘n verminderde fooi

deelneem indien hulle daarvoor sou kwalifiseer.

ALGEMENE JAARSVERGADERING

8. Hier geld die volgende :

a. 'n Algemende Jaarvergadering van toegelate lede vir die volgende jaar moet jaarliks voor die einde van Maart die daaropvolgende jaar gehou word en lede teenwoordig sal 'n kworum uitmaak, of soos deur die bestuur bepaal ;

b. lede moet ten minste 14 dae kennis van sodanige vergadering gegee word deur die Bestuur en die onus berus op elke ingeskrewe lid van die unie om toe te sien dat die Bestuur in besit is van sy/haar geldige posadres, telefoonnommer en e-pos adres ;

c. stemming tydens die vergadering sal altyd per stembrief geskied om alle lede die reg toe te sê om objektief sy/haar stem uit te bring ;

d. die agenda vir die vergadering sal deur die Bestuur bepaal word en geen bykomende sake sal bespreek word nie, met dien verstande dat die Voorsitter altyd bykomende besprekingspunte kan toelaat wat volgens sy mening geregverdig en in belang van die sport is (Sy besluit is egter finaal).

LEDEGELD

9. Met betrekking tot die ledegeld vir die unie geld die volgende:

a. gelde (vervoerkostes, intreefooie, inskrywingsfooie, administratiewe fooi, inkorwingsfooie, jaarboekfooie, affiliasie fooie, **PSPU** ledegelde) sal jaarliks deur die bestuur bepaal word en sal betaalbaar wees op tye en datums soos deur die bestuur aangedui ;

b. enige lid wat versuim om die voorgeskrewe gelde ten opsigte van elke jaar ten volle te betaal, soos en wanneer deur die bestuur bepaal, se lidmaatskap sal sonder versuim opgehef word en hy/sy sal weer van meet af aan, aansoek moet doen om lidmaatskap. Enige gelde reeds betaal sal verbeur word en uitstaande gelde aan die unie sal steeds verskuldig wees ;

c. junior Lede en pensionarisse mag verminderde fooie betaal na goeddenke van die bestuur.

IDENTIFIKASIERINGE

10. Identifikasieringe sal jaarliks aan lede op 1 Mei beskikbaar gestel word. Die inskrywingsvorms mag bv. **PSPU** of **SA PSPU** en 01 of 2001 ens gemerk word.

WEDVLUGPROGRAM

11. Die wedvlugprogramme sal deur die bestuur, in oorleg met die bestuur van ander organisasies wat met die gesamentlike loslating betrokke is (Ope & Jaaroud) opgestel word. Die roete en program kan deur die

bestuur gewysig word soos omstandighede vereis en geen vooraf goedkeuring en/of kennisgewing is nodig aan lede nie. Lede mag slegs aan ander aanvullende wedvlugte/reekse deelneem indien hulle aan al die **PSPU** reekse deelneem. Die bestuur behou die reg voor om lede te beperk om slegs in die PSPU wedvlugte te mag deelneem en nie in ander organisasies nie. Hierdie reel sal jaarlliks deur die bestuur hersien word aangesien vervoer en finansiele behoeftes van die **PSPU** verander.

FINANSIES

12. Wat finansies betref sal die volgende geld:

a. die bestuur sal die nodige reëlings met ‘n finansiële instelling tref vir die opening van ’n lopende rekening waarin alle gelde deur die unie ontvang inbetaal sal word en ook alle betalings sal daaruit gemaak word ;

b. bestuur kan opgehoopte fondse tot beste voordeel van die unie in ‘n ander rekening inbetaal ;

c. elke lid van die unie is daarop geregtig om te alle redelike tye die finansiële rekords na te gaan en moet deur die bestuur in staat gestel word om dit te kan doen met dien verstande dat as die bestuur oortuig is daarvan dat die lid se navraag kwaadwillig is hulle sodanige lid toegang kan weier ;

d. finansiële jaareinde sal die 31 Desember van elke jaar wees ;

e. maandelikse verslae sal aan bestuur voogelê word ;

f. twee handtekeninge sal altyd van krag wees vir onttrekking van fondse ;

g. kredietkaart / petrolkaart mag aangeskaf word indien dit deur die bestuur goedgedink word ;

h. salarisse mag betaal word aan enige werknemer deur **PSPU** aangestel.

WELKE DUIWE AAN WEDVLUGTE MAG DEELNEEM

13. Dit word aanvaar dat alle duiwe wat deur ‘n lid vir ’n wedvlug ingeskryf word sy wettige eiendom is. Waar daar wel ‘n dispuut mag ontstaan sal die bestuur of dagbestuur die aangeleentheid ondersoek en afhandel ;

Lede wat dubbel spanne vlieg of in vennootskap vlieg vanaf dieselfde hok of perseel moet die duiwe registreer onder betrokke lid/vennootskap se naam, maar beide spanne moet onder dieselfde naam vlieg, net gemerk as 1 & 2 ens.

Indien ‘n vennootskap onder 2 verskillende name wil vlieg (m.a.w. hulle eie duiwe elk), moet die duiwe wel registreer word.

Siek duiwe mag verwyder word uit wedvlugmandjies en na die bestuur van die klub se goeddenke, uit die wedvlug ontrek word. Die betrokke lid moet ‘n toestemmings brief aan die veearts gee om die nodige ondersoek te doen en ook verslag te kan lewer oor die duif se toestand. ‘n Lid mag gedwing word om ‘n periode nie aan wedvlugte deel te neem nie.

PRYSGELD

14. Daar word in die **PSPU** om prysgeld meegeding en sal daarmee soos volg gehandel word:

a. prysgeldskemas sal jaarliks deur die bestuur bepaal word en aan lede bekend gemaak word ;

b. die bestuur sal bepaal hoeveel en watter plekke kwalifiseer vir prysgeld asook die hoeveelheid prysgeld per toegekende plek ;

c. alle uitbetalings van ‘n lid se prysgelde sal deur die Unie aan die betrokke lid se klub tot krediet van die lid se rekening oorbetaal word, welke gelde op klubvlak met die lid verreken sal word ;

d. ‘n lid en sy klub sal met elke uitbetaling van sy prysgelde aan sy betrokke klub, voorsien word van ‘n volledige uiteensetting van hoe die prysgelde saamgestel is. Enige navraag in die verband sal deur die Unie hanteer word.

INSKRYWING VAN DUIWE

15. Vir die inskrywing van duiwe vir wedvlugte geld die volgende aspekte:

a. inkorwing van duiwe mag nie ‘n aanvang neem alvorens daar nie ses deelnemende lede vir die wedvlug teenwoordig is nie, daar kan egter wel in sekere meriete gevalle toestemming by die bestuur gekry word om ‘n ander voldoende en aanvaarbare reeling in plek te stel ;

b. duiwe van lede wat nie van ‘n elektroniese klokstelsel gebruik maak nie, moet met rubberwedvlugringe wat deur die unie verskaf sal word gering word en besonderhede van sodanige ringe moet op die inskrywingsvorm, wat in tweevoud voltooi moet word, deur die aangewese lede aangeteken word ;

c. elke lid wat so sou verkies is geregtig om sy eie duiwe vir inkorwing te dra met dien verstande dat:

i. duiwe deur hom/haar aan die aangewese ringleser sal toon wat alle gegewens op die identifikasiering aan die skryfbeampte sal uitlees ;

ii. die lid sal dan sy duif se poot in die ringer plaas om die rubberring te laat aansit in die geval van ‘n konvensionele ring en in die geval van elektroniese klokke word die duif se elektroniese ring in die ringleser geplaas en geskandeer om in gekorf te word vir deelname in ‘n wedvlug ;

iii. die skryfbeampte sal die nodige inskrywings op die inskrywingsvorm aanbring en die toegekende korfnommer sal aan die lid uitlees word ;

iv. die lid moet dan die duif so na die korwe dra dat die rubberring of die elektroniese ring ten alle tye sigbaar is en moet dit dan aan die kontrolebeampte by die korwe toon voordat toestemming verleen sal word dat die duif in die toegewese korf geplaas mag word ;

v. nadat die duif in die korf geplaas is moet die lid albei sy hande aan die inkorfbeampte toon wat sal toesien dat daar geen rubberringe of elektroniese ring in of aan sy hande is nie. Elke hand word getoon deur die opsteek van die oop hande met die palms na die inkorfbeampte gedraai ;

vi. vermelde moet prosedure herhaal word totdat alle duiwe van die betrokke lid in die korwe geplaas is ;

d. lede wat van die elektroniese klokstelsel gebruik maak moet hulle duiwe volgens die voorskrifte

van die vervaardigers inkorf. Slegs duiwe wat van geregistreerde wedvlugringe voorsien is en teenoor identifikasieringe gekontroleer is mag ingekorf word. Elektroniese wedvlugringe moet soortgelyk aan die spesifikasies vir rubberringe soos in punt 15.c hierbo uiteengesit getoon word. Inskrywingsvorms moet nog gebruik word vir kontrole van mandjienommers totdat anders deur die bestuur geadviseer word ;

e. elektroniese klokke se eienaars en persone wat namens hulle optree moet voor hulle inkorf alle ringe, horlosies of enige ander apparaat wat invloed mag hê by inkorwing afhaal en die hande moet geskandeer word alvorens inkorwing kan begin. Die arms onder die elmboog moet kaal wees ;

f. nadat inkorwing van duiwe afgehandel is moet die bestuur of daardie lede wat vir die doel aangewys is deur die bestuur, verseker dat alle korwe behoorlike verseël is ;

g. behalwe lede vir die doel aangewys, sal geen lid toegang tot die korwe hê nie en enige lid wat dit verontagsaam se duiwe sal summier vir die betrokke wedvlug gediskwalifiseer word ;

h. korwe moet voortdurende onder toesig van ten minste ses deelnemende lede wees of agter geslote deure of soos per reeling met bestuur ;

i. ooglopend siek duiwe mag onder toesig van ten minste 2 klub bestuurlede en 4 ander lede uit die korwe verwyder word behalwe as daar ander reelings met die bestuur getref is. Lede wie se duiwe deur ‘n veearts gediagnoseer is met ‘n siekte soos pokke, paramyxo, ens wat aansteeklik is mag verbied word om aan wedvlugte deel te neem vir ‘n periode soos deur die veearts en of bestuur bepaal word. ‘n Lid moet egter ‘n toestemmingsbrief aan die veearts rig om die ondersoek te kan doen en verslag te kan lewer ;

j. indien daar ooglopend enige mannetjies en of wyfies in die verkeerde mandjies ingekorf sou wees kan die duif met toestemming en toesig van die voorsitter van die klub of sy gemagtigde uit die mandjie verwyder word en in die regte een geplaas word. Daar moet egter ten minste 6 lede teenwoordig wees of soos met bestuur ooreengekom ;

k. lede mag nie duiwe op enige ander lid se naam inskryf en of inkorf vir oefen doeleindes tydens wedvlugte nie ;

l. ou duiwe mag onder geen omstandighede nie in die jaaroud reeks gemandjie word nie.

KLOKREËLS

16. Ten opsigte van die klok van duiwe geld die volgende:

a. daar sal ‘n klokkomitee per klub aangewys word om alle klokke en klokstelsels te hanteer en om toe te sien dat alle betrokke reels nagekom word ;

b. slegs kloktipes wat deur die bestuur goedgekeur is mag gebruik word om duiwe te klok ;

c. alle lede moet hulle konvensionele klokke minstens 14 dae voordat dit gebruik mag word om duiwe te klok by die klubs se klokkomitees inhandig, waarna dit nagegaan sal word vir defekte, gestel sal word soos voorgeskryf, verseël sal word en toegesien sal word dat dit aan die gang gesit word op dieselfde wyse asof dit vir ‘n wedvlug is. Elektroniese klok stelsels sal volgens die vervaardiger van die betrokke stelsel se spesifikasies en die reels van **SANPO** nagegaan en getoets word deur die bestuur indien dit nodig sou wees ;

waneer elektroniese klokke gestel word, moet ‘n elektroniese ring geklok word by inlui en weer wanneer uitgeslaan word om die lees en skryf van die ringe te kontroleer indien nodig ;

d. ‘n lid sal geregtig wees om sy eie klok te stel vir doeleindes van ‘n wedvlug maar mag dit nie self verseël nie. Die klok moet, nadat die lid dit gestel het, aan ‘n lid van die klokkomitee oorhandig word wat dit moet nagaan en tesame met ‘n ander lid van die klokkomitee moet hulle die klokrol

teken waarop ook aangebring is die datum, wedvlugpunt en tyd waarop gestel. Klokke sal dan deur die lede van die klokkomitee verseël word ;

e. ‘n lid wat nie sy eie klok kan of wil stel nie moet aanvaar dat die klokkomitee die klok sal stel en dat die gemelde komitee nie enige aanspreeklikheid sal aanvaar vir enige foute wat mag voorkom nie ;

f. ‘n lid wat met dieselfde klok waarmee in die unie gevlieg word ook aan wedvlugte wat deur ‘n ander organisasie aangebied word deelneem moet toesien dat daar voldoen word aan die voorskrifte van daardie organisasies sonder die benadeling en of verbreking van enige **PSPU** reels ;

g. klokke sal op dag van inkorwing aan die gang gesit word, behalwe lede wat by ander organisasies deelneem en of waar daar spesifieke reelings getref was met die toestemming van die bestuur ;

h. alle konvensionele en elektroniese klokke wat gedurende die wedvlugseisoen deur ‘n lid gebruik staan te word moet aan die klokkomitee verklaar word wat ‘n register moet byhou van die naam van die lid, tipe klok en die nommer van die klok ;

i. slegs een klok mag per wedvlug gebruik word ;

j. alle klokke moet sovêr moontlik in- en uitgeslaan word op meester klokke, telefoon, satelietseine (GPS) of ‘n tydsein soos verstrek deur die SABC ;

k. daar moet ten alle tye ‘n inskrywingsvorm per span per wedvlug ingevul word of deur die stelsel gedruk word ;

l. lede wat van eletroniese kloktipes gebruik maak moet streng hou by die reëls en voorskrifte van die vervaardigers sowel as die van **SANPO**. Nadat klokke geseël is mag die seëls slegs deur ‘n lid van die bestuur of klokkomitee gebreek word vir doeleindes van herstel of enige ander rede soos deur die bestuur goedgekeur ;

i. indien elektroniese ringe wat deel is van die klok se geheue en wat gedurende inkorwing onklaar raak mag verwyder word van die duif se been en ‘n ander ring mag in die plek daarvan aangesit word sodat dit geskandeer en ingekorf kan word, daar sal egter geen rubberringe toegelaat word aan duiwe waarvan die eienaar van ‘n elektroniese stelsel gebruik maak nie. Duiwe mag egter nie tydens inkorwing vir die eerste keer geregistreer word op die stelsel nie, dit moet voor inkorwing reeds afgehandel word ;

ii. alle antennas van elektroniese klokke moet geseël word met nommer seëls en die gegewens moet aangeteken word in ‘n register wat by die klub wedvlugsekretaris gehou sal word vir toekomstige kontrole ;

iii. nadat inkorwing afgehandel is sal die klub kloksisteeme en sleutels wat gebruik was vir inkorwing toesluit word by die klubs ;

m. konvensionele en elektroniese klokke word altyd tot nadeel gelees word ;

n. die onus berus deurgaans op ‘n lid om te sorg dat sy/haar klok te alle tye in ‘n goeie werkende toestand is ;

o. die bestuur of enige lid van die klokkomitee het te alle tye die reg om ‘n toetsslag op enige klok uit te voer vir kontrole doeleindes en elke lid is verplig om die bestuur of lid van die klokkomitee toegang tot sy/haar klok te verleen ;

p. wanneer ‘n klok geslaan of oopgemaak word moet minstens 3 lede wat aan dieselfde wedvlug deelgeneem het of deelneem teenwoordig wees. In geval ‘n klok meer as twee sekondes per uur gedurende looptyd wen word die variasie buite rekening gelaat. In geval ‘n klok meer as twee sekondes per uur gedurende looptyd verloor moet dubbel die tyd verloor bygetel word by berekening van die klokvariasie ;

q. in geval waar daar geen of ’n verkeerde rubberring in ‘n klokgaatjie is word die ooreenstemmende tydslag op die klokrol gekanselleer en ‘n aantekening word op die inskrywingsvorms dienooreenkomstig gemaak ;

r. indien die klokkomitee, wedvlugsekretaris of die bestuur van mening is dat daar met ‘n klok gepeuter is word die aangeleentheid na die komitee in punt 6 genoem verwys wat op die saak sal ingaan en dit afhandel. Tot tyd en wyl die komitee se bevindinge bekend is sal die uitslag van die betrokke wedvlug vertraag word. Indien daar egter substansie is in die aantuigings teen ‘n lid kan die bestuur enige stappe neem om die saak te beredder en selfs ‘n lid skors indien nodig ;

s. indien ‘n klok,klokstrook of rubberringe nie aan vereistes voldoen nie moet die bestuur in kennis gestel word wat die saak dan sal ondersoek en afhandel ;

t. duiwe wat ingeskryf word vir ‘n wedvlug moet vooraf op die lid wat met ‘n elektroniese stelsel meeding se klok geregistreer word, registrasie kan nie met die aand van inkorwing plaasvind nie ;

u. ‘n volledige lys van alle duiwe wat geregistreer is op elke elektronies klok moet op die aand van die eerste inkorwing aan die wedvlugsekretaris beskikbaar gestel word vir kontrole doeleindes. Aanpassings mag wel gedurende die seisoen gedoen word.

BEPALING VAN AFSTAND

17. Die bestuur is deur die wedvlugsekretaris verantwoordelik vir die bepaling van afstande van elke lid wat in die unie meeding en kan vir die doeleindes ‘n ander bevoegde instansie na goeddunke aanwys om behulpsaam te wees. GPS sal weekliks gebruik word vir die bepaling van loslatingspunte se koördinate. Hokke sal deur ‘n gekwalifiseerde persoon opgemeet word.

VERVOER

18. Vervoer van duiwe sal deur die bestuur gereël word. Die trok bestuurder sal deur die bestuur aangestel word. **PSPU** mag eie vervoer en of vervoer van ‘n ander organisasies gebruik.

OORNAGWEDVLUGE

19. Vir oornagwedvlugte geld die volgende:

a. geen duiwe tuis op wedvlugdag : indien daar op die dag van loslating van die duiwe, geen duiwe, of nie genoegsame getal duiwe opdaag nie, sluit die wedvlug vir die dag 30 minute na sonsondergang en heropen weer 15 minute voor sonsopkoms die volgende dag. Indien een of meer duiwe meer as 15 minute voor sonop die volgende môre geklok word, sal die wedvlug op die inkloktyd van die eerste duif heropen, maar in elke geval nie meer as 30 minute voor sonop nie. Sonsopkoms en sonsondergang sal deur die Unie Wedvlugsekretaris aan die klubs verskaf word;

duiwe tuis op wedvlugdag : die wedvlug sal 30 minute na sononder sluit en 15 minute voor sonop die volgende dag heropen. Indien enige duif binne 60 minute na sononder op die dag van die wedvlug geklok word, sal die nagure 5 minute nadat sodanige duif gedurende bogemelde 60 minute tydperk geklok is, begin, met dien verstande dat die nagure in geen geval voor 30 minute na sononder sal begin nie ;

indien duiwe meer as 60 minute na sononder geklok word, sal hulle inkloktyd die tyd wees waarop die wedvlug die volgende dag open, dit is 15 minute voor sonop. Indien duiwe die volgende môre meer as 15 minute voor sonop geklok word, sal die wedvlug op die inkloktyd van

die duif wat die vroegste geklok is, maar nie meer as 30 minute voor sonop, open. Let egter op die feit dat duiwe wat gedurende die nagure geklok word se werklike spoed bereken word asof daar geen nagure is nie. Hieruit word die duif met die hoogste spoed geplaas op die uitslag voor die een met die volgende hoogste spoed in die nag ens. (sien para 19c);

b. indien 'n unie wat verder is, geen duiwe op die dag terug het nie, sal 'n ander unie wat wel duiwe op die dag terug het en wel duiwe na die sluitingstyd klok, nie die verder unie benadeel deur tyd by die verder unie te laat bytel nie. Die verder unie se spoed sal dan bereken word asof daar geen duiwe op die dag geklok is nie met inagneming van die normale ure van donkerte, soos in punt 19.a ;

c. indien twee of meer duiwe op die dag van loslating geklok word, maar wel na sluitingstyd, sal hul werklike spoed bereken word soos die tyd ingeklok, maar die spoed vir die unie/combine-uitslag sal wel die spoed wees van die openingstyd die volgende oggend. Die rangorde van plekplasing sal egter kan bepaal word deur die vorige aand se spoed. Met ander woorde, twee of meer duiwe kan op die klub/combine-uitslag dieselfde spoed hê, maar een gaan voor die ander geplaas word in ooreenstemming met die vorige aand se spoed. 'n Duif op die dag geklok sal dan nie geklop kan word deur 'n duif die volgende dag nie ;

d. die wedvlug sluit 30 uur na loslating, indien die wedvlug afstand nie verder as 600 km is nie. Waar die wedvlug afstand verder as 600 km is sluit die wedvlug 48 uur na loslating. Die bestuur mag wel die ure verleng indien toestande dit regverdig met 'n maksimum van 36 uur vir tot 600km en 60 uur vir 600+ km ;

e. duiwe wat na normale tyd geklok word sal nie gediskwalifiseer word indien hulle nie gerapporteer word nie, maar daar word versoek dat alle duiwe wel aan die wedvlugsekretaris gerapporteer word ;

f. alle interne kompetisies sluit ook wanneer die unie wedvlug afgehandel is en nadat unie plekke almal gevul mag die klok nie oopgehou word vir enige spesifieke kompetisie nie, die unie bestuur mag egter indien die meriete dit regverdig anders besluit, hulle besluit is egter finaal.

INSPEKSIE VAN WENDUIF

20. Die volgende prosedure moet hier gevolg word:

a. die klubs sal twee deelnemende lede van die klub aanwys om die wenduif van elke wedvlug na te gaan. Gemelde lede moet die duif se identifikasiering nagaan en aan die wedvlugsekretaris hulle bevindinge oordra veral ten opsigte van die aspek of die duif geredelik na die hok van die lid teruggekeer het of nie nadat dit losgelaat is ;

b. waar nodig kan die voorsitter ook bepaal dat enige ander duif wat 'n posisie behaal het nagegaan moet word en sal dieselfde prosedure soos in punt 20.a hierbo voorgeskryf gevolg word veral by groot wedvlugte soos Derby, Bakkie, Veiling wedvlugte, ens ;

c. alle spesiale wedvlug wenners moet te alle tye uitgegooi word en sal dieselfde prosedure soos in punt 20.a hierbo voorgeskryf gevolg word ;

d. elektroniese klokke se nommer seëls moet nagegaan word en aan wedvlugsekretaris teruggerapporteer word ;

e. rapportering aan die unie se wedvlugsekretaris moet deur die klub se wedvlugsekretaris gedoen word.

KANSELLERING VAN WEDVLUGTE

21. ‘n Wedvlug word slegs deur die bestuur of dag bestuur gekanselleer indien dit volgens die mening van die bestuur of dag bestuur in belang van die duiwe in besonder of die sport in die algemeen is. Die bestuur kan dan besluit oor die aanwending van prysgeld, indien enige, van die betrokke wedvlug. Indien daar nie ‘n gesamentlike loslating vir ‘n wedvlug is nie is dit geensins ‘n rede om die wedvlug te kanselleer nie sodanige wedvlug sal normaalweg voortgaan. Prysgelde en punte sal steeds dieselfde wees.

AFFILIASIE EN LIDMAATSKAP

22. Die unie is geaffilieer by **SANPO**.

REËL VAN SPESIALE WEDVLUGTE

23. Die bestuur sal die reg hê om spesiale wedvlugte te reël en deelneming daaraan sal op ‘n vrywillige basis geskied ;

24. Die veilingwedvlug is nie noodwendig verpligtend nie, behalwe wanneer so besluit word deur die bestuur. Dan is dit verpligtend vir alle lede van die **PSPU** en lede moet die aantal duiwe soos voorgeskryf gereed hê vir sodanige veiling. Indien nie, sal die lid gedebiteer word met die gemiddelde prys van die veiling per duif en sal nie deelneem aan die wedvlug nie ;

25. Slegs Derby genomineerde en of Derby geringde duiwe sal aan die Derby wedvlug deelneem ;

26. Slegs 2 jaaroud duiwe mag aan die 2 JOK deelneem en so ook vir enige ander wedvlug soos deur die bestuur bepaal waar daar slegs sekere duiwe aan mag deelneem.

WYSIGING VAN DIE GRONDWET

27. Wysigings aan die inhoud van die grondwet kan na goeddenke van die bestuur aangebring word. Enige lid sal die reg hê om skriftelike voorstelle in te dien wat deur ten minste tien lede van die unie per handtekening ondersteun moet word. Bestuur se besluit oor die saak sal finaal wees.

APPĒL

28. Enige lid wat appēl teen die uitslag van ‘n wedvlug wil aanteken moet dit skriftelik binne 7 dae by die wedvlugsekretaris indien. Indien daar geen appel ontvang is en geen veranderinge aan die uitslag aangebring is deur die bestuur nie sal die uitslag as finaal beskou word.

ONTBINDING VAN DIE UNIE

29. Die unie kan by besluit van ‘n 75% meerderheid van die aanvaarde lede ontbind word en daar kan tydens die besluit oor die eiendom/bates en fondse van die unie besluit word met inagneming van bestaande kontrakte en ooreenkomste soos aangegaan deur die bestuur voor sodanige ontbinding.

UNIEKAMPIOENE, PUNTESTELSELS EN ERE-KLEURE TOEKENNINGS

30. Die algehele Uniekampioen sal bepaal word deur die gekombineerde punte van die Jaaroud sowel as

Ope reekse op ‘n basis van eerste duif tel alleenlik vir punte. Daar sal ook ‘n Ope & Jaaroud Unie Kampioen op dieselfde basis bepaal word. Kort, middel en langpad kampioene sal ook aangewys word vir beide reekse, sowel as gekombineerd. Beste duiwe vir sodanige kompetisies sal ook gekroon word. Ere Kleure sal ook jaarliks toegeken word vir die algehele kampioen wat ‘n goue **PSPU** wapen sal wees terwyl die ander wenners ‘n silwer en/of brons toekenning sal kry. **Noord Gauteng Provinsiale (NTVL)** kleure sal ook aan sekere presteerders soos deur die bestuur bepaal toegeken word. Die bestuur mag ook **PSPU** en/of **Noord Gauteng** kleure toeken vir ander meriete presteerders soos goedgedink byvoorbeeld administratiewe meriete, man van die jaar, borge en uitsonderlike prestasies en dienste gelewer deur ‘n persoon en of lid aan die sport in die algemeen en/of die **PSPU**.

ONWETTIGE MIDDELS EN INSPUITINGS VAN DUIWE

31. Die **PSPU** sal gelei word deur die riglyne van **SANPO**.

BEPALING VAN WENNERS

32. Elke wedvlug word beslis volgens die stelsel van snelheid, bereken volgens die reguitafstand en die tydsverloop tussen loslating en kloktyd. Die duif wat wen het die grootste getal meters per minuut afgele en daarna word plekke gevul afspitsend van gemiddelde spoed per minuut, of watter ander stelsel soos deur die bestuur bepaal.

PSPU GRENSE.

33. Die grense van die onderskeie klubs sal as die grense van die **PRETORIA SPESIALISTE POSDUIF UNIE** dien, met in agneming dat alle nuwe aansoeke by die klubs binne die munisipale grense van Tshwane/Pretoria moet wees. Die grense kan van tyd tot tyd aangepas word indien dit deur die bestuur noodsaaklik geag sou word.

Hersiening van konstitusie is gedoen op die 16de November 2001.

Hersiening van konstitusie is gedoen op die 1 ste Mei 2003.

Hersiening van konstitusie is gedoen op die 27 September 2005.

Hersiening van konstitusie is gedoen op die 27 Junie 2007.